Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

BEGROTINGSREDE - 2011/2012 FINANSIëLE JAAR

(SLIDE 1)

1. VOORWOORD

Geagte mnr. die Speaker, mede-raadslede, Munisipale Bestuurder, direkteure, verteenwoordigers van die Nasionale en Provinsiale tesourier, ander bestuurders en personeel, lede van die pers, dames en here:

Dit is byna 2 jaar gelede dat ek tot die pos van Burgemeester verkies is, en moet ek u die versekering gee dat ek saam met my Burgemeesterskomitee, Munisipale Bestuurder en die volle bestuurspan, alles in ons vermoë doen om hierdie taak wat aan my opgelê is in terme van die MFMA met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid uit te voer.

Elkeen van ons as raadslede is die verkose mense wat die gemeenskap van Swartland verteenwoordig, en ons omhels hierdie verantwoordelikheid met toewyding en nederigheid.

Dat ons as partye in die raad verskil van mekaar en dat daar dan oor die saak gedebatteer word, is gewoonlik 'n goeie ding. Dit dui aan dat ons demokrasie sterk is, dat daar ruimte vir verskille en geskille is. En, soos ons demokrasie verval, is dit noodsaaklik om te verseker dat die
debat in hierdie raadsaal fokus op alternatiewe oplossings. Ons kan nie 'n gedeelde toekoms ingaan as ons vasgevang bly in konflikte van die verlede nie.

Natuurlik, die nalatenskap van ons verlede is steeds met ons, en sal vir die jare wat voorlê met ons wees.
Swartland is egter verbind tot die herstel van die nalatenskap in die kortste moontlike tyd en op die mees volhoubare wyse. Kom ons aanvaar dus mekaar se goeie trou. Laat ons spesiaal in hierdie verkiesingsjaar wegbeweeg van beledigings en rasse aanstellerigheid.

Dit spreek dan ook van opperste laakbaarheid om vanuit die binnekringe van die munisipaliteit sekere mense te voer met groot hoeveelhede leuens en onwaarhede. As die persoon of persone dit nie self durf bekend maak nie, spreek dit van baie swak selfrespek om andere mense te gebruik om die onwaarhede aan die groot klok te hang.
Kom ons maak die kwessies die kwessie en speel die bal en nie die man nie.

Die Swartland sou nie in die Wes-Kaap en in Suid-Afrika een van die bes bestuurde munisipaliteite wees as dit nie was vir ons toegewyde personeel onder bestuur van ‘n toegewyde bestuurspan en toegewyde munisipale bestuurder nie. Sonder hulle sou ons ook maar net ‘n munisipaliteit wees waar geld gemors word, korrupsie hoogty vier en dienste swak gelewer word soos so baie van die munisipaliteite onder ANC bestuur.

Speaker, sewe en veertig jaar gelede, in sy bekende stelling uit die beskuldigde bank het Nelson Mandela sy visie van 'n vrye en welvarende Suid-Afrika uiteengesit.
Hy het gesê:
"Ek het teen wit oorheersing gestry, en ek het teen swart oorheersing gestry. Ek het die ideaal van 'n demokratiese en vrye samelewing waarin alle persone saam lewe in harmonie en met gelyke geleenthede. Dit is 'n ideaal wat ek hoop om vir te leef en dit te bereik. Maar as dit nodig is, is dit 'n ideaal waarvoor ek bereid is om voor te sterf."

Maar hier staan ons vandag, na die viering van vryheid in 'n demokratiese Suid-Afrika, nou 'n onmeetbaar beter plek as wat dit was. Ons weet nou dat die onmoontlike, moontlik is en dat ons tot alles instaat is. Dat ons, ons eie toekoms kan vorm. En so het ons opnuut die verwesenliking van die Suid-Afrikaanse droom, wat so duidelik deur die vader van ons nasie uitgespel was, vir toekomstige geslagte verwoord.

In skrille kontras is die ANC Regering onder leiding van President Zuma se voorgestelde wetgewing oor kleurkwotas, waar die Swart bevolking 73.7% van die werk moet kry, Wit 12.2%, Bruin 10.9%, Indiërs 3.2%.

Die nuwe voorsitter van ANC in die Wes Kaap en Adj. Minister Marius Fransman hardloop soos ‘n skoothondjie agter die ANC Regering aan deur die kleurkwotas te verdedig tot op nasionale TV, terwyl hy in sy siel weet dat dit sy eie Bruin broers en susters is wat die ergste geraak word.
Swartland se demografiese samestelling is 71% Bruin, 15% Wit, 14% Swart en 0.3% Indiër.
Swartland munisipaliteit se 546 werknemers is as volg: Bruin 393 of 71.98%, Wit 64 of 11.72%, Swart 89 of 16.3%. Ons samestelling is dus bykans in die kol.
Met die nuwe wetgewing sal die aantal Bruin werknemers by ons munisipaliteit vanaf 393 verminder moet word na 60 **[-333]** en die Swart werknemers sal vanaf 89 na 402 **[+313]** moet vermeerder.

Gister is daar in Nasionale staande komitee deur die ANC gese dat 90% van die huidige munisipale raadslede na die verkiesing nie sal terugkeer nie. Wat van behoud van kundigheid?
Kan ‘n regdenkende mens nog vir so ’n party soos die ANC stem?

Dit in teenstelling met die oop geleentheid samelewing en die “Fit for Purpose” wat die DA voorstaan.

Ek laat die antwoord aan u as persoon oor waar u, u kruisie gaan trek.

Speaker ‘n persoon het eens gesê: Onthou dat mense jou aan jou dade meet en nie aan jou voornemens nie. Jy het dalk ‘n hart van goud, maar ‘n eier het ook een.

Ek, meer as baie van u, besef dat dit in - veral met die werkloosheid van meer as 25% - ‘n baie moeilike ekonomiese tydperk is wat ek saam met my party se raadslede hierdie verantwoordelike taak moet uitvoer.

Armoede is ons grootste uitdaging en om dit uit te wis is een groot droom. Dit is egter nog 'n baie ver droom en kan dit moontlik as ‘n wonderwerk beskryf word indien ons dit kan uitwis. Ons het egter nie ‘n ander keuse as om te probeer nie, want daar is net te veel arm mense in ons Munisipaliteit, Wes-Kaap provinsie en in Suid-Afrika wat vasgevang is in uiterste armoede.
Met die samewerking van my uitvoerende komitee, raadslede en bekwame personeel sal ons alles in die stryd werp om die Swartland ‘n beter plek vir almal te maak, maar afhanklikheid van die staat sal ook verminder moet word.

Suid-Afrika is nie volhoubaar as daar meer as 10 miljoen mense (Soos uitgespel deur president Zuma) afhanklik is van sosiale voorsienings nie, terwyl daar net ongeveer 5 miljoen mense bydra aan die Nasionale fiskus. Daarby bou ons huise vir dieselfde nie-ekonomiese aktiewe groep, wat dan gratis aan hulle oorhandig word.
Die groep sal alleen hulle rekenings kan betaal as daar vir hulle volhoubare werk geskep word.
Maar vir die groep wat wel ekonomies aktief is (ek praat van die groep mense wat tussen R 3 500.00 en sê 10 000.00 per maand verdien en wat wel hulle normale rekenings maandeliks kan betaal) word vrywel niks gedoen nie. Nog erger, hulle word afgetrek in die groep wat afhanklik is van die staat se gunste en gawes.

Die volgende plan is deur die Premier van die Wes-Kaap provinsie tydens haar "State of the Province address" uitgespel: (Maar baie daarvan is ook op Swartland van toepassing)

Eerstens moet ons verseker dat die regering skoon, doeltreffend en effektief is. Korrupsie is steel van die armes, steel van diegene wat die meeste van die staat se hulp afhanklik is.

Tweedens moet ons die infrastruktuur instand hou en waar nodig, nuwe infrastruktuur skep, wat nodig is vir groei en werksgeleenthede. In die geval van provinsiale en plaaslike regering, sal dit beteken dat paaie, openbare vervoer, grootmaat dienste, skole, hospitale en klinieke op standaard moet kom of dat dit gebou word.
In Malmesbury word reeds 'n kliniek van meer as R 32 Miljoen gebou en in Saamstaan / Ilingu Lethu word 'n Hoërskool opgerig van meer as R 20 Miljoen.

Derdens, moet ons nie in die pad staan van mense wat probeer om besighede te begin of hulle ondernemings te laat groei nie.
Dit beteken dat 'n omgewing geskep moet word wat 'n pro-groei beplanningsomgewing is wat verseker dat volhoubare groei kan plaasvind.
Dit beteken ook dat doeltreffende uitvoering van administratiewe prosesse moet plaasvind.
Ons moet 'n houding van aanpassing bewerkstellig, die burgers se ervaring van "red-tape" verander na "red-carpet".
In sommige plekke, soos Nieu-Seeland neem dit net 24 uur om 'n besigheid oor die internet te registreer. In Rwanda neem dit 72 uur. In Suid-Afrika neem dit 22 dae, indien jy gelukkig is. In seker gevalle kan dit tot 'n jaar neem.

Vierdens, moet ons samewerking bewerkstellig tussen private instellings en hoër onderwyssektore om onderwys te skep wat 'n merk kan maak in die ekonomie en wat daardeur beleggers, toeriste en studente na ons streek kan lok.

Vyfdens, moet ons 'n bestendige toevloei van gesonde, goed-opgevoede mense verseker en wat bereid sal wees om hulle deel en verantwoordelikheid in 'n dinamiese, groeiende ekonomie te wil inneem.
'n Groeiende ekonomie word geskep deur middel van vervoer en IT-tegnologie.
Dit is gebaseer op 'n optiesevesel netwerk-infrastruktuur wat regering en burgers verbind. Daardeur word ekonomiese produktiwiteit verhoog en toegang tot nuwe markte word verbeter.
Die Wêreldbank het bereken dat die ekonomie van 'n ontwikkelende land groei teen 1,38% vir elke 10% toename in breëband toegang.
Ons kan nie bekostig om agter te bly nie.

2.0 TERUG- EN TOEKOMSBLIK & PRESTASIES

Mnr die Speaker

Ek wil egter weereens van die geleentheid gebruik maak om vanaf Swartland se geboorte op 5 Desember 2000 'n kort terugblik aan u voor te hou van die afgelope 10 jaar onder DA bewind en 'n toekomsblik van wat u kan verwag in die volgende ongeveer 10 jaar onder DA bewind.

(SLIDE 2)

Buite die suksesse wat u nou op die muur sien het ons darem ook 'n paar pryse op provinsiale en Nasionale vlak gewen.

(SLIDE 3)

- Met die bou van laekoste behuising het ons in 2002 drie toekennings gewen.
- Die Impumelelo toekenning vir die mees innoverende werk op die gebied van armoede verligting en gemeenskapontwikkeling.
- Die Wes-Kaap se munisipaliteit van die jaar van die instituut van behuising.
- Toe wen ons ook nog die nasionale toekenning.

(SLIDE 4 & 5)

- In 2006 wen ons met VUNA twee Provinsiale KPA's en Nasionaal die KPA 2 toekenning asook Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling.
- En in 2007 wen ons die volle Vuna Toekenning vir sowel die Wes-Kaap as Nasionaal.
- In 2007 wen ons ook nog die Skoonste dorp kompetisie, Provinsiaal en Nasionaal.
- Hierdie sukses as Skoonste dorp herhaal ons toe ook weer in 2008.

(SLIDE 6)

- In 2010 is ons beoordeel deur 'n onafhanklike organisasie (Municipal IQ) oor dienslewering en het die organisasie Swartland op die 6e plek uit 222 "B" munisipaliteite geplaas.

(SLIDE 7)

- In Desember 2010 het die Wes-Kaap provinsie 'n spesiale staatskoerant uitgebring waarin alle Wes-Kaap munisipaliteite op hulle prestasie beoordeel is op dieselfde wyse as wat die VUNA beoordeel word. Swartland is as nommer 1 beoordeel oor alle "B" munisipaliteite. Ek dink dit is voorwaar 'n prestasie en daarby het ons 'n 2.6 uit die moontlike 3 punte behaal.

2.1 WIE IS SWARTLAND SE MENSE

Swartland munisipaliteit bedien 'n gebied wat strek oor ongeveer 3700 vierkante kilometer met 'n inwonertal van ongeveer 84 000.
Daarvan bly 22.4% in Moorreesburg / Koringberg en omgewing.
In die Riebeeks Vallei bly 8.6%, in Darling / Yzerfontein en omgewing bly 13.3% en in Malmesbury / Abbotsdale / Kalbaskraal / Riverlands / Chatsworth en omgewing bly 55.71%.
In die landbousektor werk 30% en het 'n GRP van 25%, in die handelsektor werk 19.7% en het 'n GRP van 13% en vir die staat werk 18% met 'n GRP van 22%.

2.2 GROOTSTE MUNISIPALE RISIKO'S?

1) Politieke onstabiliteit. (Swak en/of onkundige raadslede, bestuur en personeel.)
2) Finansiele volhoubaarheid. (Bou van laekoste behuising is nie volhoubaar nie.)
3) Lewer van dienste. (Bekostigbaarheid, volhoubaar, verouderde infrastruktuur.)
4) Immigrasie. (Toestroom van mense plaas 'n onbekostigbare las op munisipaliteite.)
5) "Unfunded mandates" of "Under Funded mandates". (Soos biblioteke, Thusong sentrums, lisensies, padwaardigheid en so meer.)

2.3 LAEKOSTE BEHUISING & GEDIENSTE ERWE

(SLIDE 8)

- Swartland het in Malmesbury (1553), Moorreesburg (813), Koringberg (143), Darling (540), Riebeek Kasteel (352) en Kalbaskraal (83) gebou en is tans besig met 381 laekoste behuising in Chatsworth. Na voltooiing van die laekoste behuising in Chatsworth sal daar oor ± 10 en half jaar 'n totaal van 4201 huise gebou wees met alle grootmaat dienste en ekstra kostes soos teer van strate van bykans R 156 Miljoen.

(SLIDE 9)

- By Darling se laekoste behuising het die Provinsie saam met hulp van die Deense regering vir elk van die 540 huise 'n sonpaneel warmwater silinder kosteloos aangebring. Ons wil ook ons dank uitspreek teenoor die MEC van Plaaslike Regering en voormalige Burgemeester van die Swartland, mnr Anton Bredell vir sy hulp.

(SLIDE 10)

- Daar is in Moorreesburg (Sibanye) 93 en in Phola Park 254 gedienste erwe ontwikkel vir meer as R 5.6 miljoen en wat suksesvol oorgedra is aan die families wat in plakkerskampe gebly het.

(SLIDE 11)

- In Chatsworth is ‘n groot aantal “swartkol” (“blackdot”) erwe suksesvol met die ontwikkelaar Korjon geruil en daardeur is die weg gebaan om die 368 laekoste behuising, insluitende al sy dienste, in een gebied saam te voeg. Die projek vorder besonder goed.

(SLIDE 12)

- Dit is egter met ‘n groot jammerte dat dieselfde groep wat die bou van laekoste behuising reeds meer as 3 jaar vertraag het weereens besig is om die projek te probeer kelder. Ek doen ‘n ernstige en dringende beroep op daardie groep om te stop met onwettige bedrywighede en toe te laat dat mense wat in haglike omstandighede woon kan oortrek na nuwe huise en sodoende uit die spiraal van armoede kan wegbreek.

- Die volgende laekoste behuisingsprojekte sal in Abbotsdale (325), Riebeek Wes (320) en Malmesbury (1000) gebou word.

- Die besluit is ook reeds deur hierdie raad geneem dat, sodra die normale behuisings agterstande uitgewis is, laekoste behuising alleen in Moorreesburg, Darling en Malmesbury gebou sal word, omdat in hierdie dorpe genoegsame grootmaatdienste soos water, elektrisiteit en riool beskikbaar is.

- Daar word ook deurlopend gewerk aan ‘n nuwe provinsiale waglys, wat die huidige munisipale waglyste sal vervang.

(SLIDE 13)

- Die totale Swartland waglys is oor die 10 500 in die lae koste behuisings groep. Indien daar egter nie ‘n balans geskep kan word tussen die wat kan betaal en die wat nie kan betaal nie, sal Swartland binne afsienbare tyd ook ‘n munisipaliteit wees wat nie meer sy dienslewerings verpligtings teenoor sy inwoners kan nakom nie.

2.4 MUNISIPALE POLISIE

(SLIDE 14)

- Swartland het as enigste nie-Metro munisipaliteit ‘n baie suksesvolle Munisipale Polisiediens ingestel wat baie hoog in die res van die land aangeskryf word.

- 'n Baie ernstige belemmering vir groei is misdaad, veral geweldsmisdaad. Nie net bepaal dit die nie-verkryging van belegging en gepaardgaande verlies van werk nie, maar dit skend ook mense se reg om sonder vrees te lewe. Ons moet alles in die werk stel om binne ons beperkte hulpbronne en grondwetlike mandaat die veiligheid van die burgers in die Swartland te verhoog en daardeur goeie lewensomstandighede te verseker.

- Ons is egter besig om die SMPD her saam te stel om die take wat hulle moet verrig beter te kan uitvoer en dit is: Verkeersbeheer, misdaadvoorkoming en polisiëring van Munisipale bywette om daardeur te verseker dat die volle diens nie deur die SAPD oorgeneem sal word nie.
  Daar sal egter met die herbelyning van die SMPD vrywel geen poste verdwyn nie.

2.5 UNFUNDED MANDATES

(SLIDE 15)

- In Moorreesburg het Swartland suksesvol die 2 biblioteke geïntegreer tot voordeel van die totale gemeenskap deur ‘n nuwe sentraal geleë biblioteek te bou teen ‘n koste van meer as R 2 Miljoen.

(SLIDE 16)

- In Chatsworth is in die afgelope jaar die 8ste biblioteek in die Swartland opgerig en het daardie gemeenskap vir die eerste keer toegang tot die diens. Die biblioteek is op 20 Januarie 2011 amptelik deur die MEC, dr Ivan Meyer geopen.

- Swartland munisipaliteit het ‘n baie suksesvolle meerdoelige sentrum in Darling geërf en het die konsep gebruik vir die bou en bedryf van ‘n suksesvolle meerdoelige (Thusong) sentrum teen ‘n koste van rondom R 1 Miljoen in Ilinge Lethu.

- Daar is ook in bestaande geboue in Moorreesburg en Kalbaskraal meerdoelige (Thusong) sentrums aangebring wat suksesvolle dienste aan die inwoners van daardie dorpe lewer.

2.6 SPORT
Mnr. Die Speaker

- In ‘n gesprek met die MEC van sport is die versoek deur Swartland gerig dat die Moorreesburg sportgronde by uitnemendheid geskik en sentraal geleë is om atletiek se tuisdorp te word vir die 5 munisipaliteite wat deel uitmaak van die Weskus distriksraad gebied.

- Tydens dieselfde besoek aan die minister is ‘n verdere versoek gerig dat Malmesbury met sy olimpiese standaard swembad baie geskik is om die swem tuisdorp te word van dieselfde 5 munisipaliteite in die Weskus distriksraad gebied.

2.7 JEUG ONTWIKKELING
Mnr. Die Speaker

- Met groot privaat inisiatief het ook die baie suksesvolle Elkana jeugsentrum tot stand gekom. Elkana sal binne afsienbare tyd deur sy eienaars met die nodige borge verder uitgebrei word. Ons wens hulle alle voorspoed toe.

(SLIDE 17)
- Die Junior Stadsraad gaan reeds sy 6de jaar in. die Sondeza Jeugkamp, wat reeds 7 keer aangebied is en waar daar vroeg in Desember 2010 meer as 90 leerders van omliggende munisipaliteite se skole asook met leerders uit Engeland en Duitsland gekamp word, is Swartland as eerste munisipaliteit in Suid Afrika besig om groot stappe in die ontwikkeling en leierskap van ons jeug te neem.

(SLIDE 18)
- Kinders van vandag is mos die grootmense (leiers) van môre wat besluite moet neem oor die ouetehuise waar ons ons laaste lewensjare moet deurbring.

(SLIDE 19)
- Die bou en in bedryf stel van suksesvolle Dahlia Care sentrum pas ook in die ontwikkeling en beskerming van die Jeug in. Die sentrum word bedryf deur ‘n vrywillige organisasie en ek wil ook vir daardie vrywilliger bedank vir hulle toewyding.

- Ons Thusong-sentrums help die armes en ons jeug deur 'n “one-stop-shop” van dienste te gee. In die sentrums word ‘n groot aantal mense per maand gehelp met aansoeke vir maatskaplike toelae en ander regeringsdienste. Ook word daar hulp gebied met die opstel van aansoeke om toegang te verkry tot opleidingsentrums soos Universiteite, by aansoek van beurse, of opgelei word om ‘n eie besighede te kan begin insluitende opstel van besigheidsplanne. By die Ilinge Lethu se Thusong-sentrum alleen word reeds meer as 1000 mense per maand gehelp.

2.8 RIOOLWERKE

(SLIDE 20)
Met die beoordeling van 3 van Swartland se Rioolwerke (Malmesbury, Moorreesburg en Darling) het ons 75% gekry en is ons een van die eerste ses munisipaliteite in die Wes Kaap. Maar ons is ook bewus daarvan dat ons in die toekoms in groot probleme gaan inloop.

Daar kan dan ook met reg genoem word dat ons baie ernstig is met die opgradering van Swartland se rioolwerke. Dit word vandag weerspieël in die konsep begroting en ek haal aan:

P11 & P12 van die Draft kapitaal en bedryfsbegroting 2011 - 2016:

2010-2014 Malmesbury rioolwerke:	Totaal R 123 412 925.00
2010-2014 Riebeeksvallei rioolwerke:	Totaal R 41 040 000.00
2010-2013 Koringberg rioolwerke:	Totaal R 5 700 000.00
2011-2013 Chatsworth rioolwerke:	Totaal R 2 280 000.00
2012-2015 Darling rioolwerke:	Totaal R 9 690 000.00
	Totaal R 182 122 925.00

- In Riebeek-Wes is daar egter nog gedeeltes wat van septiese tenke en uitsuigtenke gebruik maak. Ons gaan egter probeer om sekere van die nuwe rioollyne en opgraderings van verouderde rioolnetwerke in te sluit by die opgraderings van rioolwerke soos genoem.

- Met ‘n raadsbesluit om van membraam tegnologie gebruik te maak vir die opgradering van Malmesbury se rioolwerke verseker ons dat die perseel optimaal benut kan word. Waar ons met die ou tegnologie rioolwater kon suiwer van maksimum van 100 000 inwoners kan ons met die membraam tegnolgie op dieselfde perseel meer as 250 000 inwoners se rioolwater suiwer. Daar kan met reg gesê word dat oorskakeling na die nuutste tegnologie ons nalatenskap vir ons nageslag is, soos wat Paardebergdam deur ons voorvaders aan ons nagelaat is.

- Ook het Swartland suksesvol die rioolnetwerke in Riebeek-Kasteel vir meer as R 10 Miljoen en in Abbotsdale vir meer as R 4 Miljoen aangebring. Riebeek-Kasteel en Abbotsdale se inwoners kan op byna alle beskikbare eiendomme reeds op die rioolnetwerk aangesluit word.

- Ek doen ‘n ernstige beroep op al die inwoners van Riebeek-Kasteel en Abbotsdale om so gou moontlik by die rioolstelselnetwerk aan te sluit. Die kostes om ‘n vragmotor beskikbaar te stel om rioolpompings te doen raak te hoog en sal binnekort gestaak word.

- Gesuiwerde rioolafloop word ook baie suksesvol gebruik om alle sportgronde in Moorreesburg, Malmesbury en Darling te besproei wat ‘n groot besparing op drinkbare water teweeg bring.

2.9 STORMWATER

Mnr. Die Speaker

Vroeë voorspellings van die weerburo waarsku nou al dat die Wes-Kaap ’n vroeë nat winter gaan hê met moontlik dieselfde gevolge as in die binneland, moontlik as gevolg van aardverwarming.
Ons in die Swartland het egter ag geslaan op die onlangse gebeure in die res van Suid Afrika en voorspellings wat gemaak is. Daar is dan ook opdrag van my aan die Direkteur van Siviele Ingenieursdienste gegee om ’n plan van aksie in werking te stel om die risiko’s van water oorlas te beperk indien dit op groot skaal sou reën.
Die Munisipaliteit moet sorg dat stormwaterstelsels en strukture in die Swartland gebied sodanig skoon is dat ten minste die normale reënbuie daardeur hanteer sal kan word.

- Daar word op 22 Maart 2011 ‘n aanvang geneem met die skoonmaak proses. Ons is egter daarvan bewus dat ’n skoon netwerk nie groot storms met meer as 35 mm per uur reën, soos wat die geval in die binneland was, kan keer nie, maar voel tog dat ’n netwerk wat betyds en ordentlik skoon is, oor ’n tydperk meebring dat die verspoelde area vinnig, stelselmatig en effektief kan dreineer.

- Ek doen ook ‘n ernstige beroep op huiseienaars om sorg te dra dat hul geute, afvoerpype en afleivoortjies ook skoon is, want dit kan verspoelings op privaateiendom beperk.

- Baie van die Stormwater infrastruktuur is van 'n baie hoë ouderdom en is ontwerp om baie kleiner dorpe te bedien as die huidige grote van daardie dorpe. Daarby word enige nuwe uitbreidings van die meeste dorpe in 'n sirkel buite om daardie ou dorp gebou. Met die instel van kapitale bydraes wat deur ontwikkelaars betaal moet word, word daardie ontwikkelaars gedwing om ook by te dra tot die vervanging van infrastruktuur in die ou dorpsgebiede sodat die nuwe buitewyke die infrastruktuur saam met die ou dorpsgebiede kan benut.

- Buiten daardie kapitale bydraes word daar dan ook in die volgende 5 jaar ongeveer R 3 250 000.00 bewillig vir opgradering van verouderde stormwater netwerke. (P4)

- Meer later oor Chatsworth se 5e laan oplossing met stormwater.

2.10 DRINKWATER
Mnr. Die Speaker

(SLIDE 21 + 22 + 23)

- Die instel van 6 Kiloliter gratis water aan inwoners van dorpe in die Swartland is reeds in 2001 baie suksesvol deurgevoer.

- Maar skoon drinkwater gaan na die opgradering van die waternetwerk en opgaargeriewe ons volgende groot uitdaging wees. Met die verouderde opgaargeriewe en verouderde netwerke sal ons in die volgende 10 jaar baie geld moet uitgee om dit in stand te hou en met die groei in inwonergetalle sal daar ook dringend geld verkry moet word vir nuwe grootmaat opgaargeriewe en nuwe verspreidingsinfrastruktuur.

  - **(P4) van die Draft kapitaal en bedryfsbegroting 2011 - 2016:**
  - 2011-2012 Nuwe toevoerlyn te Darling: Totaal R 1 083 000.00
  - 2010-2014 Riebeeksvallei reservoir: Totaal R 1 824 000.00
  - 2010-2013 Koringberg reservoir: Totaal R 627 000.00
  - 2011-2012 Opgradeer netwerke: Totaal R 342 000.00
  - 2012-2015 Panorama Drukpompe: Totaal R 399 000.00

  Totaal R 4 275 000.00

(SLIDE 24 + 25 + 26)

- In die volgende jare sal die vervanging van verouderde waterpype meer en meer aandag kry. Die vervanging daarvan sal bepaal word aan die hand van die aantal waterpypbreuke soos wat die munisipaliteit se insidente program sal uitwys. Daar moet ook dringend ondersoek gedoen word of die vermindering van waterdruk op sekere tye 'n vermindering van pypbreuke en/of waterverliese kan inhou.

- Wat betref waterverliese word daar glad nie saamgestem met die Ouditeur-Generaal se siening dat die verliese nie meer as 10% mag beloop nie. Dit kan moontlik met 'n nuwe en moderne pypstelsel behaal word, maar nooit met 'n erg verouderende netwerk wat in sekere gevalle meer as 60 jaar oud is nie. In die wêreld wissel waterverliese van 7% in Duitsland na meer as 90% in Lagos, Nigerië. Volgens dieselfde studie is dit 19% in Engeland en Wallis, in Rusland 20%, 26% in Frankryk, 29% in Italië en Ierland, en in Brasilië 42%.

(SLIDE 27 + 28)

- Die waterpyplyn tussen Malmesbury en Kalbaskraal is vervang vir 'n bedrag van meer as R 19.5 miljoen. Sonder daardie pyplyn was dit onmoontlik dat die behuisingsskema gebou kon word. Daarby is die reservoir in Abbotsdale na jare ook weer in gebruik geneem.

2.11 STORTINGSTERREINE & VULLISVERWYDERING

- Swartland Munisipaliteit bedryf een van die mees suksesvolle stortingsterreine in Suid-Afrika wat naby Abbotsdale geleë is. Die stortingsterrein sal nog vir die volgende ongeveer 30 jaar in Swartland se behoeftes kan voldoen.

- Met alle oudits en toetse wat elke kwartaal, reeds vir die afgelope 17 jaar gedoen word, kon nog geen enkele bewyse gevind word van enige ondergrondse waterbronne vervuiling en bogrondse lugvervuiling nie.

(SLIDE 29)

- Daar word toenemend druk op Swartland Munisipaliteit uitgeoefen om met ‘n veldtog van herwinning van bruikbare materiale by huise te begin, maar die herwinning wat reeds by die stortingsterrein gedoen word van tussen 30 en 35% is van die beste in Suid-Afrika. Daarby word daar ook ongeveer 20 werksgeleenthede geskep.

- Die 2de sel van ongeveer 6 Hektaar is in gebruik geneem. In die tussentyd help ons ook vir Bergrivier munisipaliteit deurdat hulle deur middel van ‘n ooreenkoms met Swartland hullle vullis op ons terrein stort totdat daar ‘n nuwe terrein in die Bergrivier munisipale gebied gevestig is.

(SLIDE 30)

- In die voorafgaande jaar het ons met ‘n groot veldtog begin deur kennisgewingsborde op te rig met ons Swartland “litter bug” en die aanbring van “Igloos” vir die herwinning van glas, papier, plastiek en blikkies in al die dorpe. Ek doen ‘n ernstige beroep op Swartland se inwoners om van daardie “Igloos” fasiliteite gebruik te maak om sodoende by te dra aan die bekende slagspreuk van “REDUCE” - “RE-USE“ - “RECYCLE”.

- Wat egter baie teleurstellend is dat ons die prysgeld van R 2 miljoen vir die wen van die nasionale skoonste dorp kompetisie in 2006/2007 en 2007/2008 tot vandag toe nog nie ontvang het nie.

2.12 EQUITABLE SHARE’S
Mnr. Die Speaker

(SLIDE 31)

- Swartland Munisipaliteit voorsien in die volgende finansiële jaar weereens 6 Kiloliter gratis water per maand aan alle inwoners in alle dorpsgebiede wat deur Swartland bedien word. Alle huishoudings wat Equitable Share ontvang sal ‘n ekstra 4 kiloliter per maand gratis kan ontvang. Dit hou egter nie in dat die 10 gratis kiloliter vermors moet word nie. Ek doen weereens ‘n beroep op alle inwoners om water spaarsamig te gebruik.

(SLIDE 32)

- Van die ongeveer 24 000 huishoudings in die Swartland kry meer as 4500 huishoudings gesubsidieërde dienste, Dit is 18.55% of bykans ‘n vyfde van die huishoudings wat nie vir hulle dienste kan betaal nie.

- Hierdie deel van die gemeenskap kry onder sekere voorwaardes die volgende per maand gratis (Buite die gratis 6 kiloliter water nog ‘n ekstra 4 kiloliter water), 50 Kwh krag, 4 x vullisverwydering, rioolafloop of ‘n rioolpomping en ‘n afslag van R 100 000.00 op die waardasie waarop eiendomsbelasting bereken word.

- Mnr die Speaker, in terme van DORA word dit beoog om aan die Raad die volgende deernissubsidies toe te staan, R19 867 000 vir 2010/2011, R22 731 000 vir 20112/2012, R25 181 000 vir 2012/2013, R27 196 000 vir 2013/2014, R29 371 000 vir 2014/2015 en R31 547 000 vir 2015/2016.

- Met die begroting soos getoon in 2015/2016 en bykans 6000 huishoudings wat nie hulle rekeninge kan betaal nie, sal ons tekort ongeveer R 8.23 Miljoen bedra.

- Die kredietbeheerdepartement onder leiding van Linda du Toit hou die vinger op die pols. Alle kredietbeheer, betalings, aanmanings en dagvaardigings word deur hierdie afdeling self

gehanteer wat groot besparings vir die kliënte inhou. Geen oorhandigings en dagvaardigings word deur prokureurs hanteer nie.

- Daarby word daar op ‘n deurlopende basis, ongeveer elke 4 maande sosio-ekonomiese besoeke aan die 4500 tot 5500 “equitable share” huisgesinne gebring om eerstehands vas te stel of die omstandighede van daardie gesinne verbeter het. Die afdeling is dus mobiel.

- Verder beveel ek aan dat diskresionêre bevoegdheid verleen word aan die Direkteur: Finansiële Dienste (of sy gedelegeerde) om oninbare skulde wat ontstaan het as gevolg van die finansiële onvermoë van die deernishuishoudings, om vir daardie dienste te betaal, wat voortgespruit het uit waterlekkasies en eiendomsbelasting en die boperk oorskry soos deur die Raad in terme van die Kredietbeheerbeleid bepaal, af te skryf.

- Ek beveel ook aan dat die Raad volstaan met die gratis loodgieter dienste wat aan deernishuishoudings verleen word in ‘n poging om die waterverliese van lekkende toilette, waterpype en krane te beperk en sodoende die uitstaande skuld onder beheer te hou.

- **Mnr. Die Speaker** wat my egter tot kommer stem, is die instroming van nuwe intrekkers na die Swartland area wat van dienste gebruik maak, wat ‘n geweldige las op die infrastruktuur plaas, en dat hierdie mense nie bydra tot die koste van hierdie infrastruktuur nie.

2.13 UITSTAANDE DEBITEURE & KREDIETBEHEER

(SLIDE 33 + 34 + 35 + 36)

Mnr die Speaker, dit is met groot kommer dat ek waarneem dat die uitstaande debiteure van die Munisipaliteit maand na maand toeneem.
Gesien in die lig van bogenoemde redes blyk dit dat verbruikers alhoemeer sukkel om hul rekeninge te betaal op of voor die betaaldatum.
Hierdie feit sal ‘n ernstige negatiewe invloed op die Raad se kontantvloei hê.

Met die munisipale verkiesings binne die volgende 2 tot 3 maande versoek ek alle huidige raadslede en toekomstige kandidaat raadslede om die gemeenskap aan te moedig om hul rekeninge elke maand betyds te betaal, en dat ons die kredietbeheerbeleid streng moet afdwing.

Ons as Raad moet voortgaan om die kredietbeheerafdeling se hande te vat en hul te voorsien van die nodige inligting, welwetende dat die lewenskoste besig is om ons almal in te haal. Die feit bly staan dat die nuwe raad sonder die nodige fondse van die gemeenskap asook Nasionale en Provinsiale Regering nie meer in staat sal wees om volhoubare dienste te lewer aan ons gemeenskap nie.
Moet dus nie die verkiesing wil wen met onbeheerste uitsprake en beloftes en daardeur ‘n bankrot munisipaliteit oorneem nie.

2.14 ELEKTRISITEIT

(SLIDE 37)

- Aanbring van straatligte was/is in baie ESKOM gebiede ‘n groot behoefte en het Swartland munisipaliteit in die afgelope 10 jaar 402 straatligte in die gebiede gefinansier en aangebring. *In Chatsworth alleen is meer as 88 straatligte aangebring.*

- Verder is daar in die afgelope 10 jaar aan opgradering van Eskom toevoere byna R 20.5 Miljoen en aan opgradering van eie netwerke meer as R 26.6 Miljoen gespandeer.

- In die volgende 5 jaar sal minstens R 59 Miljoen gespandeer word vir die opgradering van eie netwerke asook ‘n verdere R 8.7 Miljoen vir uitbreiding van netwerke na nuwe ontwikkelings.

(SLIDE 38)

- Ek wil u ook graag die volgende skyfie voorhou oor die invloed van Eskom se enorme verhogings wat op ons afgedwing word. Ek is bewus daarvan dat baie inwoners die skuld op die skouers van die munisipaliteit plaas.
  Die skuld van verhogings word selfs op skrywes wat die ANC aan Swartland se inwoners uitgedeel het, op Swartland en die DA se skouers geplaas, terwyl die verhogings deur die ANC regering en sy ANC-Eskom op ons afgedwing word.

- Maar soos u kan sien dat, indien die verhogings normaal op 6% gehou was, het die verkoopprys van R 0.40/kwh in 2007/2008 verhoog tot R 0.53/kwh in 2011/2012 en tot R 0.59/kwh in 2014/2015.

- Indien Swartland die volle Eskom tariewe op die verkoopprys bereken het sou die verkoop kostes van R 0.40/kwh in 2007/2008 verhoog tot R 1.15/kwh in 2011/2012 en tot R 1.95/kwh in 2014/2015.

- Swartland Munisipaliteit is egter gedwing om die aankoopkostes vanaf Eskom te bereken aan die klant, MAAR dat Swartland die verspreidingskostes net met ‘n normale 6% verhoog het.

- Dit het die verkoopskostes soos volg beïnvloed:
  van R 0.40/kwh in 2007/2008 verhoog tot R 0.91/kwh in 2011/2012 en tot R 1.43/kwh in 2014/2015.

- U sien dat Swartland munisipaliteit alles in sy vermoë gedoen het om die verkoopprys van elektrisiteit binne perke te hou in weerwil van die uitsonderlik hoë verhogings van Eskom. Die buitensporige verhogings deur Eskom het ook ‘n baie nadelige invloed op ‘n verbruiker se rekening en kan ongeveer die helfte van die persentasie verhoging aan Eskom toegeskryf word.

2.15 <u>BOU EN HERSEëL VAN STRATE</u>
Mnr. Die Speaker

(SLIDE 39 + 40 + 41)

- Toekomstige beplanning van Swartland paaie is suksesvol afgehandel met ‘n uitgebreide padnetwerkplan wat met dank aan PPC tot stand gekom het.
  (SLIDE 42 + 43)

(SLIDE 44)

- Opgradering van provinsiale paaie binne die Swartland gebied.

- Bou van stormwater afvoerstelsels en bou van strate in voorheen vernalatigde gebiede is een van die prioriteite van hierdie DA raad. In dorpe soos Kalbaskraal, Abbotsdale, Darling, Riebeek-Wes en Riebeek Kasteel sal voor die einde van hierdie finansiele jaar (30 Junie 2011) oor die R 11 miljoen gespandeer word om die stormwater probleme op te los en die strate van ‘n bitumeuse oppervlakte te voorsien.

- Die begroting van genoemde werke is egter nie deur alle partye in die raad ondersteun nie. Met die oorspronklike goedkeuring van die begroting op 27 Mei 2010 en weereens met die aansuiweringsbegroting op 31 Januarie 2011 het ANC daarteen gestem. Maar dieselfde ANC het wel vir ‘n 5% salarisaanpassing gestem wat sonder die goedgekeurde begroting nie uitbetaal sou kan word nie.

(SLIDE 45 + 46 + 47 + 48 + 49 + 50 + 51 + 52)

- In die volgende 10 jaar sal daar ‘n opregte poging aangewend word om in fases die stormwater en paaie op te gradeer in vernalatigde gebiede om sodoende die inwoners van ‘n meer aanvaarbare en menswaardiger bestaan te kan verseker.

(SLIDE 53)

- Daarby sal die totale kostes van die opgraderings volgens alle voorspellings oor ‘n termyn van tussen 8 en 15 jaar minder geld uit die sak van die belastingbetalers jaag as wat die kostes van gruispaaie en die nodige onderhoud daaraan sou kos.

(SLIDE 54)

- Daarby is die besparings van die omliggende inwoners op voertuie as gevolg van swak paaie en moontlike dokterskostes as gevolg van stof verwante siektes nie in berekening gebring nie.

(SLIDE 55)

- Die totale kostes vir die bou van strate en stormwaterstelsels sal in die volgende ongeveer 10 jaar onder DA leierskap ongeveer R 60 Miljoen beloop.
  Herseel van paaie is ‘n baie belangrike deel van instandhouding. In die volgende bykans 10 jaar sal ongeveer R 73 Miljoen aan herseel gespandeer word.

(SLIDE 56)

- Die lengte en toestand van paaie word in berekening gebring van welke afstand per dorpsgebied wanneer herseel word. Die besluit van welke paaie geherseel word, word op tegniese vlak geneem sonder inmenging van raadslede.

- Bou van sypaadjie in Malmesbury vanaf N7 tot die einde van Alfastraat oor ‘n afstand 3.5 km teen ‘n koste van meer as R 1.5 miljoen. Dit is net met ‘n seer hart dat ek waarneem dat al meer en meer plaveisel van die sypaadjies verwyder word. Dit nadat alle bome reeds verdwyn het. Ek doen weereens ‘n beroep op mense wat hulle eie opgraderings laat verdwyn, om hulle te weerhou van diefstal wat verdere ongerief vir die gebruikers van daardie sypaadjies teweeg bring. Diefstal is en bly diefstal.

2.16 CHATSWORTH EN WYK 7

(SLIDE 57 + 58 + 59 + 60 + 61)

- Die bou van 5de Laan in Chatsworth (Teen meer as R 8.5 Miljoen) is suksesvol voltooi. Geen verdere oorstromings het in die afgelope jaar voorgekom nie. Die bou van 5de Laan het ook meegebring dat daar ‘n sportveld verkry is wat deur die water uit die nuwe retensiedam besproei gaan word. Ook is daar ‘n heining tussen Chatsworth en die suidelike gronde aangebring.

(SLIDE 62 + 63)

- ‘n Busroete deur Chatsworth is ook reeds beplan vir ‘n bedrag van
  R 900 000.00 sodat daar na fondse gesoek kan word om hierdie projek aan te pak. Die totale projekkostes word beraam op bykans R 47 miljoen en kan in verskillende fases opgedeel word. Maar voordat daar met die bou van die strate begin word, sal eers alle dienste soos water en riool aangebring moet word. Daardie kostes is blykbaar nie by die bedrag van bykans R 47 miljoen ingesluit nie.

(SLIDE 64 + 65)

- Daar word deur baie mense in Chatsworth (en ook in die groter Wyk 7) gesê dat hulle in ‘n vergete gebied bly. Dat daar niks deur Swartland Munisipaliteit gedoen word om hulle lewensomstandighede te verbeter nie. Niks is meer onwaar as dit: In die afgelope 10 jaar is daar meer as R 100 miljoen in wyk 7 gespandeer en vir Chatsworth alleen is daar bykans R 63 Miljoen gespandeer. Die probleem is dat die meeste geld gespandeer is aan dienste wat onder die grond verberg word. Voordat jy enige sigbare verbeterings aanbring, moet jy eers alle onsigbare/ondergrondse dienste in plek hê.

2.17 SWARTLAND MUNISIPALITEIT ALGEMEEN

Mnr. Die Speaker

(SLIDE 66)

- Die opstel van IDP en prosesplanne met spesiale verwysing na die 2de geslag IDP wat reeds in lyn gebring is om die oorname na die 3de geslag IDP te vergemaklik.

- Die instelling en monitering van alle kapitaal- en sommige bedryfsprojekte deur middel van die SDBIP en die koppel van alle kapitaalwerke met die IDP.

- Ook die opstel van die prestasiemetings van senior personeel en bestuurders en die gebruik van die databasis om die resultate van die metings makliker te kan bewaar en terug te roep plaas Swartland weereens in die top van munisipaliteite. Baie dankie, Leon Fourie.

- Swartland Munisipaliteit het op 1 Julie 2010 ‘n prestasiebestuurstelsel vir raadslede ingestel en is daarby ook een van die eerstes wat so ‘n bestuurstelsel ingestel het en waaraan alle partye ten volle hulle samewerking gee.

- Die instelling en bedryf van wykskomitees is ‘n groot veer in Swartland se hoed en die wykskomitees se grondwet word deur die betrokke Nasionale departement gebruik om die res van die land se wykskomitees mee op die been te kry. Baie dankie aan al die personeel wat diens doen as administratiewe beamptes onder die bekwame leiding van Madelaine Terblanche en Nicolette Brand.

- Die register van delegasies wat pas deur die raad aanvaar is, is ‘n verdere prestasie wat Swartland weereens onder die eerste munisipaliteite in Suid Afrika plaas.

- Die verkryging van 4 ongekwalifiseerde oudits in ‘n ry is ook ‘n kersie op die koek van Swartland. Ek maak weereens van die geleentheid gebruik om mnr Christo Gerber en sy span geluk te wens met werk van hoogstaande gehalte in hierdie verband.

- Ook ‘n groot dankie aan mnr Pierre le Roux vir sy samewerking met die werknemers van die Ouditeur-Generaal. Die Ouditeur-Generaal se verteenwoordigers het ook hulle waardering uitgespreek oor die goeie samewerking en die snelle oplossings en antwoorde op hulle versoeke.

- ‘n Groot sukses is ook die onafhanklike ouditkomitee onder voorsitterskap van mnr Koos Bekker en voeg baie waarde tot die Interne ouditeur toe en daardeur ook die werking van die munisipaliteit in sy geheel. ‘n Gedeelte van die onafhanklike ouditkomitee se funksie is om die prestasiebestuurstelsel te kontroleer en voorstelle tot verbetering van die meetstelsel word deurlopend gegee.

- Nodeloos om te sê, geen onreëlmatighede of ongemagtigde uitgawes is gerapporteer nie.

- Die instel en deurlopende aanbring van verbeterings aan die program Collaborator. Dit hanteer huidig alle daaglikse korrespondensie, die insidente (klagte) program, uitstuur van sms’e aan klante, hanteer van bestellings, oortyd, bouplanne, verlof van personeel en so meer.

(SLIDE 67 + 68)

- Opstel en uitrol van ‘n klantedienshandves wat die resultaat was van die positiewe INVOCOMS met alle personeel. Die klantedienshandves is ‘n handves waarin Swartland munisipaliteit sekere beloftes maak aan sy klante oor die diens wat die gemeenskap kan verwag.

- Die instel en bestuur van ‘n ontwikkelingsbeleid en die meegaande kapitalebydraes wat deur voornemende ontwikkelaars betaal moet word om te help om die grootmaatdienste en paaie op te gradeer.

- Enige nuwe uitbreidings deur ontwikkelaars in die Swartland gebied mag geen ekstra kostes meebring vir die huidige inwoners nie.

- Die instel van die afronding tot die naaste 5 sent is sonder probleme in die afgelope jaar ingestel.

- Swartland was die eerste munisipaliteit in Suid-Afrika wat ‘n Artikel 53 roluitklaring tussen die Raadslede en Amptenare ingestel het en wat deur alle partye verteenwoordig in die Swartland munisipale raad onderteken is.

- Die aanstel van bekwame personeel vanaf posvlak 8, met raadslede se deelname (Maar geen inmenging op politieke vlak word geduld nie) is een van die grootste suksesverhale in die amper 10 jaar van die Swartland Munisipaliteit. Vanaf die munisipale bestuurders, direkteure, bestuurders tot die personeel op grondvlak.

- Die Burgemeesterskantoor word hanteer deur net een dame (Michelle Morris) wat deur die munisipale bestuurder beskikbaar gemaak is vanaf 2008. Voorheen was daar geen kantoorpersoneel in die Burgemeesters- kantoor nie. Baie dankie vir die varse bries en lag wat jy elke dag meebring en wat aansteeklik werk.

- Dankie aan alle personeel van die Swartland Munisipaliteit, met alle suksesse het u ons as Raad, kollegas en die gemeenskap trots gemaak.

- **Mnr die Speaker**, soos u en die Raad sal weet, gaan dit nie te goed in terme van finansiële volhoubaarheid nie. En die veranderings in die GRAP finansiële stelsel om die bates wat reeds afgeskryf is se waarde te bepaal en dit in die boeke terug te plaas maak dat geen enkele munisipaliteit sy boeke met ‘n gelykbreek of wins kan afsluit nie.

  Dit hou dus in dat alle munisipaliteite teoreties bankrot is.

  Volgens my sou dit meer sin gemaak het om die reeds betaalde bates se waarde oor ‘n aantal jare in te faseer. Swartland se herstelplan was opgestel om die munisipaliteit in 2016 op ‘n gesonde voet te plaas. Daardie hoop is verydel en sal die gesonde finansiële posisie eers na 2022 bereik kan word. Wat dus meer as 6 jaar later gaan wees.

  As gevolg van verhoging in elektrisiteit, kospryse, petrol, eiendomsbelasting, personeel uitgawes en dag-tot-dag uitgawes van die Munisipaliteit, is dit onafwendbaar dat verbruikersrekeninge op dieselfde wyse geaffekteer word.

  Dit is dan ook met groot kommer dat ons moet kennis neem dat alle verkoopbare dienste as gevolg van die insluiting van reeds afbetaalde bates se waardes ‘n verlies sal toon. Dit sal 10 tot 15 jaar neem om hierdie verkoopbare dienste weer op ‘n gesonde positiewe basis te plaas. Dit sal dus inhou dat alle verkoopbare dienste oor die volgende tydperk meer sal styg as die inflasie koers.

  Dit mnr. die Speaker is ‘n groot kommer, nie alleen vir my as Burgemeester met my Burgemeesterskomitee nie, maar ook vir u as Raad, die Bestuurspan, en die gemeenskap in sy geheel. Ons en alle munisipaliteite saam met ons gaan onbetaalbaar raak vir die gemeenskap.
  Ons word almal deur dieselfde probleem gekonfronteer.
  Saam sal ons ‘n oplossing moet soek om hierdie uitdaging die hoof te bied en die munisipale dienste bekostigbaar te hou.

  Mnr. Die Speaker
  Ek wil ook die jaar ‘n woord van dank uitspreek teenoor die lede van die publiek wat gehelp het om sekere probleme in die begroting aan te spreek, daardeur kon ons sekere wysigings in die begroting aanbring.

  Dit is lekker om nie net kritiek te ontvang nie, maar dat daar ook voorstelle van moontlike oplossings ingesluit is. Baie dankie.

Swartland kan egter nie voldoen aan die riglyne van die Nasionale regering om die tariefverhogings binne die 6% te hou nie.

Dit sal onmoontlik wees met hoër as inflasie aanpassings op vergoeding van munisipale werknemers.. *As voorbeeld kan genoem word dat die arbeids ooreenkoms (wat op nasionale vlak beding word) salarise van munisipale personeel reg oor die land oor die volgende 3 jaar met meer as 35% sal laat verhoog.*

Die verhoging van elektrisiteit deur ESKOM in 2011 van 26.71% en verhoging van water deur die Weskus Distriksmunisipaliteit met 9.79% laat ons geen andere keuse as om die totale verbruikersrekening met dubbel syfers te verhoog nie.

2.18 Jaarlikse salarisaanpassings

Mnr. Die Speaker: Die verhoging van werknemer salarisse, naas die verhoging in elektrisiteit, het 'n groot negatiewe invloed op die verhoging van tariewe op die rekening van die verbruiker.

Die kollektiewe ooreenkoms tussen vakbonde en werkgewers (SALGA) word op nasionale vlak onderhandel en 'n enkele munisipaliteit het geen invloed op daardie ooreenkoms nie.
Die 2011/2012 verhogings soos ooreengekom is GPIX + 2%.
Daar moet dus met kommer kennis geneem word in die toenemende styging in personeelkostes (6.5% vir 2011/2012 en 7% vir 2012/2013 en 'n verwagte verhoging van 7% vir 2013/2014)

Swartland het die TASK ooreenkoms met sy personeel bereik. Dit wil voorkom dat SALGA en die vakunies weer besig is om oor TASK te praat. Maar Swartland sal nie deel vorm van daardie onderhandelings nie.

Die verhogings van die Munisipale bestuurder en die Direkteure word op 'n later tydstip deur PE Corporate Services uitgewerk wat gebruik maak van 822 Suid Afrikaanse organisasies en meer as 5986 topbestuurders. Ons verwag hierdie uitslae net voor die 30 dae begrotingsvergadering op 5 Mei 2011.

Met die mondvol as agtergrond, hou ek dan nou die 2011/2012 en die volgende 3 en 5 jaar se konsepbegroting aan u voor.

3.0 TARIEWE

3.1 Eiendomsbelasting

(SLIDE 69)

Dit dien gemeld te word dat daar verskeie pogings deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie aangewend (Met waardevolle voorstelle wat ons elke jaar uit Yzerfontein verkry.) is om 'n te hoë styging in die eiendomsbelastingkoers af te weer wat gewissel het van nagenoeg 30% en finaal vasgepen is op 6.93%.

Statutêre Vereistes (Maksimum limiet/boperk) 2011/2012 van 6.00%.

Dit is onmoontlik om aan die voorskrifte te voldoen omrede die salarisse deel van die bedryfskostes tussen 30 en 45% beloop. Eiendomsbelasting word gebruik om te betaal vir die dienste waarvoor ons nie aan 'n verbruiker 'n rekening kan stuur en sluit ondermeer kostes soos onderhoud aan paaie, sypaadjies, stormwater, hoofkantoor onkostes en vergoedings, Raadslede se vergoedings en "Unfunded mandates" in.

Ten einde hierdie betreklike lae koers, gegewe die swak huidige ekonomiese toestand in Suid-Afrika, maar ook wêreldwyd te kon behaal, moes Bestuur verskeie uitgawes wat voorheen kontant gerugsteun was vir hierdie Begroting buite rekening laat. Gemelde optrede getuig nie noodwendig van goeie finansiële bestuur nie.

Die eiendomsbelastingkoers vir 2011/2012 sal dus met **6.93%** aangepas word en sal as volg wees:

- Dat die eiendomsbelasting vir Jakkalsfontein, Grottobaai onveranderd sal bly teen 25% **(of R 0.0015**) ***[0.001497]*** van die standaardkoers.
- Dat die eiendomsbelastingtarief vir boere onveranderd sal bly, te wete 25% van die standaardkoers, dit is **R 0,0015**. ***[0.001497]***

Dat pensionarisse wat in terme van die raadsbeleid kwalifiseer, tot 'n bedrag gelyk aan 40% van die Standaard eiendomsbelastingkoers gesubsidieer word, wat **R 0,0036** ***[0.003593]*** sal wees.

- Verder, beveel ek aan dat koerse vir 2011/2012 aangepas sal word vanaf **R 0.0056** na **R 0.0060** ***[0.005988]*** wat 'n verhoging van **6.93%** verteenwoordig.

Ek gee ook opdrag aan die Tesourier en die bestuurspan om ondersoek in te stel na die moontlikheid vir die instel van verskillende koerse tussen residensiële eiendomme en kommersiële eiendomme. Saam met die ondersoek sal daar ook riglyne opgestel moet word oor die moontlike datum van instel van gediffrensieerde koerse en die tydperk van moontlike infasering.

3.2 Elektrisiteit

(SLIDE 70 + 71)

Mnr. Die Speaker: ESKOM het sy elektrisiteitstariewe met 26.71% verhoog. En ek beveel aan dat Swartland se aankoop tarief van 26.71% na die verbruikers deurgevoer word. Maar dat ons eie kostes soos verspreiding, onderhoud en so meer met net 6% aangepas word. Dit hou in dat die Raad vandag die verhoging van elektrisiteitstariewe met 22.0% moet goedkeur, sodat die tariewe vir goedkeuring aan NERSA voorgelê kan word.

Tydens 'n raadsvergadering in Februarie 2010 het die Swartland raad 'n eenparige besluit geneem dat 'n verhoging van meer as 12% nie bekostigbaar is vir die Swartland se gemeenskap nie. Nodeloos om te sê dat ons nie eens 'n ontvangserkenning op die skrywe ontvang het nie, laat staan enige antwoord. Ek versoek weereens dat ons so 'n skrywe aan NERSA voorlê.

Meneer die Speaker, dit is hierdie soort van praktyk wat die gemeenskap in opstand laat kom teen buitensporige tarief aanpassings.
Daar kan dan ook met reg gesê word "Julle verstaan nie" soos uit duidelike voorbeelde in die skrywe aan NERSA voortvloei.

(SLIDE 72)

Wat hier van belang is mnr. Die Speaker, is dat, indien Eskom die verkoop tariewe met 26.71% en Swartland die verspreiding, onderhoud en wins met slegs 6% aanpas, terwyl die salarisse van die personeel 2% meer as inflasie aangepas word, hierdie diens ook binne afsienbare tyd in 'n verlies sal omswaai.

Swartland sal dus genoodsaak wees om die tariewe met 22% te moet aanpas om sodoende nie 'n verlies aan inkomste in die gesig te staar nie.

Vir die eerste keer sal Swartland ook te doen kry met 'n "inclaining" bloktarief vir tariewe 1, 2, 7 en 12. Die tariewe se blokke is as volg: 1ste tot 50 kWh, 2de tot 350 kWh, 3de tot 600 kWh en die 4de meer as 600 kWh.
Waar vooruitskattings van aan- en verkope reeds baie moeilik is raak dit met hierdie bloktariewe bykans onmoontlik.

Ons elektrotegniese ingenieur, mnr Roelof du Toit slaag egter al die jare wonderbaarlik met sy berekeninge om so binne 2% reg te voorspel. Maar ek vrees dat dit met die bloktariewe vrywel onmoontlik is om dit weer so in die kol te voorspel. Die tyd sal leer.

Die tariewe van voorafbetaalde meters in deernishuishoudings asook met 'n 20 Amp aansluiting, word egter met net 7.41% vir die eerste 50 kWh aangepas. Hier is egter ook 'n bloktarief van toepassing wat in 4 groepe opgestel is. 1ste tot 50 kWh, 2de tot 350 kWh, 3de tot 600 kWh en die 4de meer as 600 kWh.

3.3 Water

(SLIDE 73)

Mnr. Die Speaker: Die Weskus Distriksmunisipaliteit het die verkoopprys van water verhoog met 9.79%.
Nietemin, vir dieselfde redes waarom die WDM hul tariewe verhoog het, is die Raad verplig om dieselfde te doen.

(SLIDE 74)

Ek beveel aan dat die verhoging op die verkoop van water tot 11.00% beperk word. Dit hou in dat die volgende tariewe van toepassing sal wees:

Huishoudelike verbruikers:	0 - 6 kl gratis	
	7 - 30 kl	R 7.28
	31 - 60 kl	R 10.02
	60 - en hoër	R 15.51
Deernis huishoudings	0 - 10 kl gratis	
Besighede	0 – en hoër	R7.88
Sport klubs	0 – en hoër	R7.88

Die landbouers (vir huishoudelike doeleindes alleen) – dieselfde as vir huishoudelike verbruikers.
By alle genoemde watertariewe sal BTW gevoeg word.
Die tariewe vir waterbesparings vanaf 5% tot 35% word saam met die normale tariewe afgekondig.

3.4 Vullisverwydering

Mnr. Die Speaker:

(SLIDE 75)

Ek stel voor dat die tarief vir vullisverwydering aangepas word met 12.00%.
Die tarief is as volg: vanaf R67.11 na R75.16 + BTW per maand.

3.5 Riool

Ek stel voor dat die tarief vir riool aangepas word met 14.95%.
Die tarief is as volg: vanaf R109.27 na R125.61 met BTW ingesluit per maand.
Die tarief word egter steeds jaarliks gehef in terme van die verordening, maar is in maandelikse paaiemente betaalbaar.

Dit word verder aanbeveel dat die raad volstaan met bestaande struktuur t.o.v die riooluitsuigpompingstarief, nl. dat die Raad vir die eerste riooluitsuigpomping R125.61 (BTW ingesluit) vorder en die tweede uitsuig/pomping teen GEEN tarief doen, maar die derde riooluitsuigpomping in dieselfde kalendermaand, teen 'n tarief van R688.00 (BTW ingesluit) gefaktureer word. Indien daar geen rioolsuigpomping gedoen word nie, sal daar dus ook GEEN heffing gedoen word NIE.

Dit dien ook gemeld te word dat die styging van 14.95% toegeskryf kan word aan die verhoogde onderhoudskoste ten opsigte van die uitgebreide riooluitvalwerke in die Swartland munisipale area, kapitaalonkoste, maar dit was veral die buitensporige verhoging van salarisse en elektrisiteit wat aanleiding gegee het tot die 14.95% verhoging.

(SLIDE 77)

3.6 Tariewe en Diverse Tariewe asook Beskikbaarheidsgelde

Dit word aanbeveel dat die tariewe soos reeds gesirkuleer aan Raadslede, goedgekeur word.
Hier is weereens alle tarief verhogings vir u gerief saamgevat.

3.7 Begrotings- / Bedryftekort

(SLIDE 78)

Weens die geweldige druk wat op die bedryfsbegroting geplaas word en in ‘n poging om die gemeenskap ‘n aanvaarbare tariefverhoging aan te bied, word aanbeveel dat ‘n bedrag van R67 272 429 vir finansiele jaar 2011/2012 (‘n bedrag van R66 252 547 vir die jaar 2012/2013, vir die jaar 2013/2014 ‘n bedrag van R63 926 131.) goedgekeur word.

Die enorme tekort is vir 80% te wyte aan die GRAP berekenings manier waarin bepaal word dat enige bate wat gebruik word se waarde by aflossing weer bepaal moet word en dat waardevermindering op daardie bate bereken moet word. (Die tekort begin eers in 2015/2016 afneem na R37 178 018) gelukkig is dit nie nodig om die jaarlikse tekort in kontant te hê nie, maar indien ons ‘n bate moet vervang wat deel is van hierdie tekort sal ons moet sorg dat ons daardie geld WEL in kontant beskikbaar het en dat dit as ‘n bydrae vanuit die opgehoopte surplus tot die bedryfsbegroting goedgekeur word.

Dat, met groot ernst kennis geneem word van die tekort in die bedryfsbegroting as gevolg van die ontbondeling van bates, en dat inkomste verkry uit die betaling van diensterekeninge nie meer die uitgawes van die Raad dek nie.

Die groot bekommernis is dat die tekort op die bedryfsbegroting noodwendig ‘n moontlike verswakking van dienste aan die gemeenskap tot gevolg sal kan hê.
Die bekommernis met betrekking tot die voorsiening vir waardevermindering is tydens die LGMTEC 2-vergadering op 10 Februarie 2011bespreek, en sal weereens tydens die LGMTEC 3-vergadering in Maart 2011 bespreek word.

Dit kan verder tot gevolg hê dat Swartland nie meer enige “Unfunded Mandates” kan befonds nie.

Om egter te verseker dat kontant deur die jaar vir bedryfsuitgawes beskikbaar sal wees, sal departementshoofde en beamptes uitgawes slegs tot die mees noodsaaklike moet beperk, aangesien die bedryfsbegroting nie meer kontantgerugsteun is nie.

Mnr. Die Speaker: Dit is duidelik dat vanweë die hoë eise in die uitgawebegroting en die beperkte inkomstebronne, dat Swartland Munisipaliteit moeilik finansieel volhoubaar gehou kan word.

Ek stel voor dat ons weereens ‘n mandaat aan die Bestuurspan gee om ‘n 5 jaar finansiële herstelplan aan die Raad voor te lê op 5 Mei 2011 ten einde ‘n poging aan te wend om nie in ‘n finansiële verknorsing te beland nie. U moet ook kennis neem dat die vorige raadsbesluit wat op 23 Mei 2010 geneem is om ‘n finansiële herstelplan vir September 2010 op te stel ongelukkig nie afgehandel kon word as gevolg van die veranderings in die finansiële berekenings manier wat op munisipaleite (GRAP) afgedwing word.

3.8 Kapitaalvervangings-reserwefonds

Die Kapitaalvervangingsreserwefonds gaan tans gebuk onder geweldige eise vir die volhoubaarheid van bestaande kapitaalprojekte, die agterstand van infrastruktuur (veral in wyk 7) asook die voorsiening van nuwe infrastruktuur vir laekostebehuising.

Verdere druk word op die fonds geplaas om voertuie en toerusting te vervang om ‘n volhoubare diens te kan lewer aan die gemeenskap.

'n Lig in die tonnel is dat die bydraes wat ontwikkelaars tot die fonds kan maak met die ontwikkeling van nuwe eiendomme nie in berekening gebring is nie omdat daar nog nie 100% sekerheid in die verband is nie.
Die raad se uitstaande lenings op 31 Januarie 2011 beloop R55 080 695, en die raad se beleggings op 31 Januarie 2011, R127 019 064.

3.9 Batebestuursprogram/Onderhoud

Mnr Die Speaker **en** Raadslede sal opmerk uit die grafiek van die verdeling van uitgawes vir 2011/12 dat die herstel en onderhoud van bates steeds 'n groter probleem raak, maar dat daar nie genoeg geld is om aan alle verpligtings te voldoen nie.

Mnr Kenny Cooper het agter die skerms hard gewerk om 'n behoorlike batebestuursprogram in plek te stel.
Die batebestuursprogram sal as 'n begrotingsbestuursinstrument van bestaande kapitaalbates van die raad dien en sodoende word verseker dat geen bate oor die hoof gesien word wanneer dit kom by die herstel, onderhoud of vervanging daarvan nie.
Die begroting vir bestaande bates word dus uit die batebestuursprogram opgestel.

3.10 Grafieke t.o.v inkomste en uitgawe

Ek wil graag die volgende grafieke aan u voorhou:

1e) *(SLIDE 79)* Inkomste verdeling in % uitgedruk vir 2011/2012
2e) *(SLIDE 80)* Inkomste verdeling in % uitgedruk vir 2015/2016
Hoëvlak Bedryfsbegroting uitgawes
3e) *(SLIDE 81)* Meerjarige Uitgawe begroting (Excl.) vir 2010/2016
4e) *(SLIDE 82)* Meerjarige Uitgawe begroting vir 2010/2016
5e) *(SLIDE 83)* Uitgawe verdeling in % uitgedruk vir vir 2011/2012
6e) *(SLIDE 84)* Uitgawe verdeling in % uitgedruk vir vir 2015/2016

3.11 Die effek van tariefverhogings op individuele huishoudings

(SLIDE 85 + 86 + 87)

Etlike voorbeelde is reeds aan elke raadslid gesirkuleer Dit dien egter gemeld te word dat die algemene verhoging in die omgewing van tussen 14% en 17% beloop. Individuele gevalle mag verskil, gebaseer op waardasies en verbruik. Aan die onderkant van die slide kan ook gesien word dat, indien Eskom 'n gewone 6% tariefaanpassing op Swartland toegepas het, die algemene verhoging in die omgewing van tussen 7% en 9% beloop.
Huishoudings se persentasie verhogings in gebiede waar Swartland die Elektrisiteit voorsien vergelyk met gebiede waar dit deur ESKOM voorsien word.

3.12 Voorsiening vir verlofgratifikasiebydrae, voortgesette mediese-fondsbydraes en oninbare skuld.

Dit word aanbeveel dat daar vir 2011/2012 bydraes tot bogenoemde fondse gemaak en dat die fondse verhoog of verlaag word soos getoon :

	2010/2011	**2011/2012**
Verlofgratifikasiefonds :	R 1 050 000	R 1 312 947
Langdiensbonusse :	R 869 840	R 697 360
Bydrae tot voortgesette mediesefonds :	R 3 267 530	R 3 249 690
Bydrae tot slegte en oninbare skulde :	R 1 470 000	R 1 706 148

3.13 Meerjarige kapitaal begroting

Dit toon die kapitaal begroting aan soos wat dit aan die verskillende kommoditeite toegewys word vir begrotingsjaar 2010/2011, asook die aansuiweringsbegrotings vir dieselfde jaar en vir die konsep kapitaal begroting vir die volgende 5 jaar vanaf 2011 tot 2016.
Ek beveel aan dat u die konsep kapitaalbegroting soos voorgelê, goedgekeur word.

4. AFSLUITING

Ek wil afsluit met ‘n ernstige waarskuwing aan alle amptenare en in die besonder die bestuurspan. U is deeglik bewus dat ons in ‘n verkiesingsjaar is. Ons kry reeds die gevoel dat hierdie jaar alles moontlik gedoen word om ‘n aanslag op ons beheer van die Swartland te doen. Ek waarsku u as amptenare en bestuurspan: Moet nie begin politiek speel nie. Dit sal teen u gehou word en kan uitloop op ‘n skorsing.
Ons as raadslede het ons volgens my wete nooit ingemeng met u bestuur van u personeel nie. Los dus enige politiek vir ons as politisie.

U moet kennis neem dat daar volgens wetgewing ‘n oorlegplegingsproses met die gemeenskap en die wykskomitee lede op 7, 8, 9, 14, 15 en 16 Maart 2011 gehou sal word. Die oorlegpleging kan moontlike veranderings in begrote syfers en op tariewe teweeg bring, dus is die volle begroting ‘n konsep begroting.

Met bogenoemde gesê is dit weereens ‘n voorreg en ‘n eer om as Burgemeester van Swartland Munisipaliteit die 2011/2012 finansiële jaar se konsep Kapitaal- en Bedryfsbegroting, asook die konsep tariewe vir 2011/2012 en die 5 jarige konsep begroting tot 2015/2016 aan u voor te hou.

Mnr. die Speaker, vergun my weereens die geleentheid om eerste my Komitee en mede raadslede te bedank vir hulle bydrae tot die totstandkoming van die konsep kapitaal en bedryfsbegroting vir 2011/2012 asook die meerjarige konsep kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2011 tot 2016.

Ook ‘n baie groot dankie aan die bestuurspan onder die bekwame leiding van Joggie Scholtz, die Munisipale Bestuurder.
Ons is vennote wanneer dit kom by die bestuur van die munisipale fondse tot voordeel van die gemeenskap en het elkeen van u ‘n baie belangrike taak en rol te vervul.
Baie dankie julle.

Finansiële direkteur, Kenny Cooper, weereens baie dankie vir al jou harde werk en baie ure wat jy ingesit het om die begroting die lig te laat sien. Dit is seker baie lekker dat die begroting die vroegste nog afgehandel is.
Baie kere het jy seker moedeloos huis toe gegaan om maar weereens alles oor te doen.

En ‘n groot dankie aan ons liewe Heer waarsonder ons as nietige mens niks kan vermag nie.

Baie dankie

Mnr. Tijmen van Essen
UITVOERENDE BURGEMEESTER

23 FEBRUARIE 2011